

In vandag se wêreld waar alles onderling verbind is, is die vermoë om verskeie tale te kan praat en oor linguïstiese grense heen te kan kommunikeer 'n belangrike vaardigheid. Selfs gedeeltelike kennis van meer as een taal is voordelig. Bevoegdheid in addisionele tale is 'n nuwe soort globale geletterdheid. Die aanleer van tale moet na alle mense – jonk en oud – uitgebrei word.

Miljoene mense oor die wêreld heen word egter die inherente reg ontsê om hul taal van identiteit en herkoms in stand te hou, te geniet en te ontwikkel. Hierdie onreg moet reggestel word in taalbeleide wat veeltalige samelewings en individue ondersteun.

Ons, die deelnemers aan die Salzburg Globale Seminar se sessie oor *Springboard for Talent: Language Learning and Integration in a Globalized World* (12–17 Desember 2017 salzburgglobal.org/go/586), versoek dat beleide ontwikkel word wat veeltaligheid en taalregte na waarde skat en handhaaf.

Die *Salzburg-verklaring vir 'n veeltalige wêreld* sal aangevul word met 'n omvattende verslag en bloginskrywings oor belangrike onderwerpe wat gedurende 2018 gepubliseer word.

Die Salzburg-verklaring vir 'n veeltalige wêreld

ONS LEEF IN 'N WÊRELD WAARIN:

- al 193 VN-lidlande en die meeste mense veeltalig is.
- 7 097 tale tans oor die wêreld heen gepraat word.
- 2 464 van hierdie tale bedreig word.*
- 23 tale dominant is en deur meer as die helfte van die wêreldbevolking gepraat word.
- 40% van mense geen toegang het tot onderwys in 'n taal wat hulle verstaan nie.
- 617 miljoen kinders en adolessente nie die minimum bevoegdheidsvlak ten opsigte van lees bereik nie.
- 244 miljoen mense internasionale migrante is, van wie 20 miljoen vlugtelinge is – 'n toename van 41% sedert 2000. Migrante en vlugtelinge alleen sou die vyfde mees digbevolkte land in die wêreld kon uitmaak.

Ons wêreld is in der waarheid veeltalig, maar baie onderwys- en ekonomiese stelsels, burgerskapprosesse en openbare administrasies benadeel miljoene mense as gevolg van hul taal en taalvermoëns. Ons moet hierdie uitdaging aanpak met die oog daarop om die Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling te bereik wat in 2015 deur 193 lande aanvaar is om “armoede te beëindig, die planeet te beskerm en voorspoed vir almal te verseker.” 'n Regverdige onderwysstelsel, gebou op sterk en regverdige taalbeleide, is essensieel vir inklusiewe vooruitgang.

BEGINSELS

- Veeltaligheid behels die eksplisiete onderrig van tale sowel as die informele kommunikasiepatrone wat in veeltalige samelewings ontstaan.
- Meertaligheid is waar individue 'n kennis van verskeie tale het.
- Historiese, geografiese en sosio-ekonomiese omstandighede lei tot baie verskillende vorms en gebruike van veeltaligheid.
- Veeltalige onderwys, en ondersteuning vir maatskaplike veeltaligheid deur state en internasionale organisasies, bevorder die uitruil van kennis en onderlinge begrip tussen kulture en versterk internasionale verhoudings.

Gerigte taalbeleide kan maatskaplike samehorigheid bevorder, opvoedkundige uitkomstebeter en ekonomiese ontwikkeling bevorder. Kumulatiewe taalaanleerbenaderings stel kinders in staat om sterk geletterdheidsvaardighede in hul moedertaal op te bou; help gemeenskappe om hul taal van identiteit, kennis en geloof te behou; en skep geleenthede om nuwe tale aan te leer wat voordele inhou vir ontspanning, asook op persoonlike, kulturele of ekonomiese vlak. Veeltalige beleide kan die unieke en noodsaaklike hulpbron van taaldiversiteit in stand hou en kan die dryfveer wees vir positiewe verandering in die wêreld op ekonomiese, maatskaplike en politieke terrein.

Ons moedig individue, korporasies, instellings en regerings aan om 'n ingesteldheid teenoor veeltaligheid te ontwikkel wat taaldiversiteit as die wêreldwye norm huldig en bevorder, taaldiskriminasie teëwerk en taalbeleide ontwikkel wat veeltaligheid bevorder.

AANBEVELINGS

Beleidsmaking

'n Suksesvolle taalbeleid benodig insette van spesialiste en aktiewe deelname van belanghebbendes by die gemeenskap. Die neem van rasionele en duidelike besluite oor tale in 'n samelewing beteken dat:

- duidelike doelstellings wat realisties en bereikbaar is, gestel word.
- alle belanghebbendes in die beleidsmakingsproses ingesluit word, met onderwysers in 'n prominente rol tydens alle fases.
- die beleid vanaf voorskoolse tot naskoolse en in nieformele en lewenslange onderwys deurgevoer word.
- gefokus word op alle taalbates en -behoefes, insluitend die instandhouding, aanleer en gebruik van die moedertale van minderheidsgemeenskappe.
- die insigte wat uit opvoedkundige en kognitiewe navorsing verkry is, benut word in die aanleer van moedertale en ander tale.
- die potensiaal van kommunikasietegnologieë aangewend word.
- voldoende hulpbronne vir die volledige implementering van die beleid verseker word.
- beleidsdoelstellings en die implementering daarvan gereeld gemonitor en geëvalueer word.

Onderrig en leer

Die volle bestek van 'n taalbeleid is maatskaplik, ekonomies en kultureel, asook opvoedkundig. Die lewenslange leer van tale is noodsaaklik sodat samelewings veeltaligheid kan handhaaf en voordeel daaruit kan trek. Onderwys-, vaardigheids- en arbeidsbeleide moet die aanleer van taal by almal bevorder en erken, tesame met 'n positiewe waardering vir taaldiversiteit. Kinders en volwassenes behoort toegang te hê tot geïntegreerde en deurlopende geleenthede om hul taalvermoëns lewenslank te ontwikkel, te verryk en uit te brei.

'n Nuwe uitgangspunt word benodig vir onderwys, wat tradisionele en alternatiewe kennisstelsels insluit en moderne tegnologie benut. Plekke waar tale aktief aangeleer kan word, strek veel wyer as net skole en hoëronderrysinstellings. Die aanleer van en waardering vir tale kan aktief bevorder word op straat, in huise, op sosiale netwerke, in digitale omgewings en hulpsentrums vir vlugteling.

Vertaling en tolking

Hierdie dienste vorm 'n integrale deel van die ontwerp en lewering van openbare dienste en die uitruil van inligting in veeltalige samelewings. Regverdige deelname op die terreine van gesondheid, onderwys, ekonomie en die regte maak staat op vrylik beskikbare en professionele taalbemiddeling.

OPROEP TOT AKSIE

Belanghebbendes wat verandering kan bevorder behels navorsers en onderwysers; gemeenskapswerkers, burgerlike samelewings- en nieregeringsorganisasies; persone in die kultuur- en mediawêreld; regerings- en staatsamptenare; diegene met sake- en handelsbelange; hulpverlenings- en ontwikkelingsdienste; en stigtings en trusts. **Ons doen 'n beroep op hulle almal om te help:**

- met die ontwikkeling van taalbeleide, praktyke en tegnologieë wat eensgesinde en dinamiese samelewings met 'n positiewe houding teenoor meertaligheid en veeltaligheid ondersteun.
- om taalregte, diversiteit en burgerskap in amptelike dokumentasie en openbare mededelings aktief te ondersteun.
- om alle gevalle van diskriminasie, vooroordeel, partydigheid en ongelykheid in verband met taal en geletterdheid te beveg.
- om te erken dat minderhede, migrante en vlugteling beskik oor groot linguïstiese kapitaal wat van groot waarde is vir ons huidige en toekomstige wêreld.

Elke groep van hierdie belanghebbendes kan veeltaligheid op 'n unieke manier omarm en dit bevorder met die oog op maatskaplike vooruitgang, sosiale geregtigheid en deelnemende burgerskap. Saam kan ons tot aksie oorgaan om die kulturele en kenniskatkamers van veeltaligheid vir toekomstige geslagte te bewaar.

*You can find references for all statistics online: education.salzburgglobal.org/statements